IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. II

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-01-23

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 5 (I N  C A M E R A  G E T U I E)

(Bladsye 229 - 281)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

GETUIENIS IN CAMERA

1C6, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Gedurende 1975 was jy gewerf vir die PAC? -- Dit is korrek.

En in watter hoedanigheid was u gewerf? -- As 'n koerier tussen Swaziland en Suid-Afrika.

Jy het nou in hierdie hoedanigheid opgetree tot op 'n stadium wat jy teruggekom het na die Ciskei toe? -- Ja, ek was op skool in die Ciskei.

En het jy toe teruggegaan skool toe in die Ciskei? -- Ja, dit is so.

Het jy toe ook daar in verdere opdragte van die PAC opgetree? -- Dit is korrek.

Wat het jy daar gedoen? -- Die opdrag was ek moes 'n sel georganiseer het vir die PAC op skool, op kampus waar ek was en ek moes my mede-skoliere daar gewerf het.

Ek wil dit net duidelik kry, wat is die PAC? -- Pan African East Congress staan PAC voor, bekend as National Liberation Movement. Dit volg op die Black Consciousness se beleid maar dit voer dit 'n bietjie verder. Hulle beleid is eintlik dat die hele Afrika vry moet wees as geheel. (Dit is Pan Africanism.)

HOF : U lei nou getuienis van iemand wat betrokke was by die PAC?

MNR. JACOBS : Ja, ek sal dit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : My bevel het gelui wat betref die ANC. Kom u daarby uit?

MNR. JACOBS : Dit is net 'n inleiding.

HOF : Ja, goed.

MNR. JACOBS : Daar in die Ciskei waar u was, het u later daar padgegee? -- Dit is reg.

... / Waarheen

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Waarheen is u toe? -- Ek is Swaziland toe.

En van daar af? -- Ek is Lesotho toe.

Moes u toe gaan vir opleiding? -- Dit is reg.

Waarheen? -- Die eerste opleiding van my was in Libië.

Daarvanaf gaan ons dan aan. Vandat jy van Libië - nadat jy daar klaar is, het jy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Is die opleiding militêre opleiding of ander opleiding?

MNR. JACOBS : Dit is nog in die PAC. Ek sal dit lei. Wat se opleiding het u ondergaan daar vir die PAC? -- Militêre opleiding, "reconnaissance, intelligence, use of ferrous arms".

Die opleiding, was dit onder leiding van die PAC nog gewees? -- Dit is reg.

Na die opleiding, waarheen is jy toe? -- Ek was Nairobi toe.

En daar in Nairobi, wat was daar aan die gang? -- Daar was ek op skool gewees te Universal College.

Het u iemand daar ontmoet in Nairobi? -- Baie.

Enige familie van jou? -- Ja, met die naam van Stan Mabizela. Hy is die hoof van die ANC in Oos-Afrika gestasioneer te Dar-es-Salaam.

Wat is hy van jou? -- Hy is my oom.

Die oom van jou, behalwe nou dat hy die hoof is van die ANC in Oos-Afrika, het hy ook 'n ander vername posisie wat hy beklee? -- Hy is in die nuwe National Executive.

Wanneer het jy hom daar ontmoet?

HOF : In die nuwe National Executive van wat? -- Van die ANC.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy hom daar ontmoet? Watter maand was dit? -- Desembermaand 1983. Dit was die 20ste "anniversary" van Kenia.

Van Kenia se wat? -- "Independence".

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het hy met daardie geleentheid daar die ANC verteenwoordig? -- Ja, in die geselskap van ene Thobas Mkobi, die "treasury general" van die ANC.

Wat het toe daar gebeur? -- Daar was 'n gesprek gewees tussen my en my oom. In die gesprek het ek aan hom gesê dat ek probleme het by die PAC. Daar was moeilikheid, bakleiery in die PAC destyds. Die meeste van die kamerade het gevlug na Kenia toe.

Wat gebeur toe as gevolg van die gesprek met jou oom? -- 'n Persoon met die naam van Kilian Masepa wat saam met my op skool was te Swaziland, is toe na my toe gestuur waar hy van my 'n kort biografie moes kom kry het.

HOF : 'n Kort lewensskets? -- Dit is reg.

MNR. JACOBS : Hoekom? -- Na die gesprek met my oom het ons daar ooreengekom dat ek gaan oorslaan van die PAC na die ANC toe. Met die gevolg dat hulle my kort lewensskets benodig het om die kantoor te laat weet dat ek eintlik aan die PAC behoort het en ek gaan oorskakel.

Het jy daarna toe opdragte van die ANC gekry? Het hulle jou oorskakeling aanvaar? -- Ja, ek was gesê dat gedurende Juniemaand, gedurende my vakansie, sal ek na Lesotho toe moet gaan. Terselfdertyd ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou Juniemaand van 1984? -- Ja, 1984. Terselfdertyd moet ek van my kamerade ook oorreed om saam met my oor te skakel. Die rede is dat ons na opleiding net daar gesit en niks doen het nie.

MNR. JACOBS : Het jy toe van jou mede-lede oorgeskakel gekry, mede-lede van die PAC? -- Nee, toe ek daar weg is, het ek nog nie een gekry wat ek kon werf nie.

Wanneer is u toe daar weg? -- 17 Junie is ek weg van Kenia af.

... / Van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Van watter jaar? -- 1984.

En waarheen is jy? -- Ek is Swaziland toe. Daar was ek in "transit" gewees.

Wat bedoel jy met in "transit"? -- Die posisie is so. Per vliegtuig Swaziland toe, arriveer jy daar op 'n Sondag. Dan moet jy daar oorbly en wag vir die vliegtuig wat van Maputo af kom na Lesotho toe. Dit is wat ek bedoel, ek het gewag vir 'n vliegtuig.

Het jy 'n vliegtuig gehaal en waarheen is jy? -- Ek is Lesotho toe.

En in Lesotho aangekom, waar het jy toe gaan rapporteer? Na watter liggaam of kantore toe is jy? -- Met my aankoms daar per vliegtuig was dit te Leabua Jonathan Lughawe, waar die kamerade my kom haal het. Hulle het my geneem na die Hoofverteenwoordigers se woning, naamlik Jafat Ndlovu.

Wie het jou kom haal? -- 'n Persoon met die naam van Kgoti.

Het hy aan 'n liggaam behoort of aan 'n organisasie? -- Hy het behoort aan die ANC en Mkhonto we Sizwe.

En jy sê hy het jou geneem na die hoof se huis toe. Die hoof van wat? -- Die hoofverteenwoordiger van die ANC, Jafat Ndlovu.

Daar by Jafat Ndlovu, was jy ingedeel, was enige pligte aan jou opgedra? -- Ek het 'n brief aan Ndlovu oorhandig, dit is die brief wat ek gebring het van die hoofkwartiere.

Die hoofkwartiere van wat? -- Van Oos-Afrika te Dar-es-Salaam.

Deel van die ANC? -- Dit is so.

Jy het nou die brief vir hom gegee. Het jy pligte gekry? Was jy ingedeel daar of wat het gebeur? -- Ndlovu het my geneem na Lodidi toe waar ek tuis was.

HOF : Waarheen geneem? -- Lodidi is die naam van 'n persoon. Die plek waar Lodidi woon is bekend as Maginot. Met buite

... / Maseru

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Maseru is die plek geleë.

MNR. JACCBS : Lodidi, wat was hy? -- Lodidi is 'n lid van die senior order van die ANC in Lesotho en hy is ook 'n "treasurer" van "Lesotho Region".

"Region" van wat? -- "Region" van Lesotho. Hy was die "commander" van die "regional intelligence" te Lesotho.

Kan jy net meer besonderhede gee van die "regional intelligence"? Hoekom "regional"? Wat bedoel jy daarby? -- As ek praat van "region" is dit plekke waar die ANC hulle mense het. Byvoorbeeld Lesotho is 'n "region" volgens die ANC. Swaziland is 'n "region", waar hulle net mense het van hulle. Daardie plek is bekend as 'n "region".

Hoeveel streke is daar dan in die suidelike deel van Afrika wat Suid-Afrika insluit? -- Botswana, Lesotho, Mosambiek, Zimbabwe en Swaziland.

Wat is die doel van hierdie indeling? Het elkeen van hierdie streke sy eie gebied wat hy bedien of is dit ook landswyd en indien dit elkeen sy gebied het, gee dit net vir ons? -- Hulle het gedeeltes wat aan hulle behoort waar hulle in werk.

Jy het nou Lesotho gehad. Watter was julle gedeeltes in Lesotho? -- Lesotho het te doen met Natal, Transkei, EAstern Province, Border, Western Cape. Dit is al plekke.

Vrystaat? -- Ekskuus, Oranje-Vrystaat ook.

Swaziland? -- Swaziland het te doen met Transvaal, West and Eastern Transvaal en Natal.

Ek dink jy het gesê daar is 'n streek in Swaziland ook? --

HOF : Dit is genoem.

MNR. JACOBS : Jy sê jy is ingedeel. Wat gaan toe aan? Jy het nou gekom by die man wat die hoof van die "regional intelligence department" was, die streeksintelligensie-afdeling?

... /Jy

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Jy het daar gaan slaap. Daar het jy huisvesting gekry. Gaan voort? Is jy toe ingedeel in enige afdeling of is daar afdelings? -- Ja, ek was in die kantoor gewees daar waar ek gewerk het.

Watter kantoor van watter afdeling? -- Die kantore van die "regional intelligence".

Wat was julle pligte daar gewees? -- Die ANC te Lesotho het die sekuriteit en die "intelligence". Die "regional intelligence" was in samewerking met die sekuriteit daar om monitor te hou oor Lesotho alleenlik. Die pligte was soos volg: Die meeste van die sekuriteit se lede was gestasioneer te Maseru. "Regional Intelligence" se hoofkantore was te Masite, alhoewel hulle lede gehad orals in Lesotho. Die persone se pligte was om toesig te hou oor die beriggewers van die boere wat in Lesotho inkom. Dan moet hulle dit rapporteer aan die sekuriteit van die ANC.

Wie is die boere? -- Dit is die Witmense hier by die huis.

Hoe lank het jy in die afdeling gebly daarso? -- Omtrent twee weke.

En toe? -- Ek is toe weg van Lesotho af.

Waarheen? -- Ek was in Angola.

Om wat te gaan maak? -- Ons was ses persone gewees daar wat 'n kursus van "intelligence" bygewoon het.

Was julle soontoe gestuur deur die ANC? -- Ja, dit is so. Ons sou nie op ons eie soontoe gegaan het nie.

Waar het julle die kursus bygewoon? -- Salton Angola, net af van Umungwe. Umungwe is die "railwy junction" aan die suide.

Wie was julle instrukteurs by hierdie kursus? -- Die "base commander" Josef. Hy is van die Sowjet-Unie. "Deputy Commander Raul" van Kuba.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat se opleiding het julle toe daar ontvang? Laat ek dit so stel, wat het dit behels? -- "Data collection across the enemy lines". Ons het ook verkenning gedoen. Ons het instruksies gehad wat ons van die ANC af gekry het toe ons daar weg is.

Waar weg is? -- Van Dar-es-Salaam, want ek is van Lesotho af weg na Tanzanië toe waar ek die ander kollegas van my daar gekry het, wat saam met my moes gegaan het vir hierdie betrokke opleiding.

Wat se instruksies het jy gekry? -- Op die suide van Angola is daar 'n sterk presidensie van UNITA. Die hoofkwartiere van UNITA bekend as JAMBA, is ook daar in Angola. Ons ander plig daar was om toesig te hou oor of daar nie boere is wat saam met UNITA daar werk nie.

Is dit basies die opleiding? Verkenning te doen en data in te win? -- Ons het ook klasse bygewoon in die nag en ook geoefen.

Het julle enige media-onderrig ontvang of enigiets met media te doen in hierdie kamp? -- Ja, ons het monitor gehou daar, want die meeste van die tyd was ons op "guard duty" gewees en in die kantore was die Kubane en FAPLA.

Wat van die media? -- Dit is die nuus.

Hoe het julle dit daar ondersoek? -- Dit het ons gedoen deur te luister na verskillende nuusberigte en dan kom ons bymekaar om dit een te maak en dan die volgende dag sal jy dit gaan sit en oor lees en een ding maak.

Een verslag? -- Ons doen 'n analise van die kommentaar en dan maak ons ons eie kommentaar daaromtrent.

Wat doen julle dan met die verslag? -- Dit gaan na die offisiere toe.

Na jou opleiding nou voltooi is, wat het toe gebeur? --

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek is eers na Luanda toe en van Luanda af is ek na Lusaka toe.

Is dit soos jou roete teruggegaan het na jou bestemming toe of toe jy vir pligte daarheen gegaan het? -- Dit is net die roete terug.

Waarheen het jy teruggegaan? -- Van Lusaka af is ek na Lesotho toe.

Het jy weer by jou eenheid aangesluit in Lesotho? -- Dit is so.

Wanneer het jy teruggekeer na jou eenheid? -- Met my terugkoms te Lesotho het ek teruggekeer na hierdie streek-kantore, maar toe ek daar kom was dit gesluit. Die rede daarvoor is dat daar "embezzlement" was en nog ander dinge wat buitensporig was.

Wat bedoel jy daarmee? Ongerymdhede? -- Die instruksies van hulle was dat hulle nie binne Lesotho sou wees en nie oor die grens gaan nie, maar hulle het op hulle eie sommer buite perke gegaan. Hulle het kontakte gehad te Transkei ook.

En toe, waar gaan jy heen toe die kantore gesluit is? -- Ek is terug na Masite toe waar ek in Tsosane gebly het.

Wat het toe gebeur? Is jy toe ingedeel in 'n afdeling? -- Ek was by die sekuriteit van die ANC en ek was die persoon, die leier van die "militant intelligence".

Wat jou pligte behels as die leier van die "militant intelligence"? -- Die eerste ding wat ons gedoen het, was om te probeer om die struktuur van die RI te breek.

Wat is die RI? -- "Regional Intelligence".

Om dit te? -- Ons moes probeer het om dit te breek, want dit was te veel versprei, want daar was ook van die Sotho's wat in die RI gewerk het en die organisasie het nie van hulle geweet nie.

Verstaan ek jou woordgebruik van breek, is dit nou eintlik

... / om

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

om dit te suiwer, om dit meer kompak te maak? -- Nee, dit is nie so nie.

Wat beboel jy met breek? -- Wat ek daarby bedoel is, ons moes toegesien het dat ons al die eiendom van die organisasie bymekaar moet kry, naamlik dokumente en ander goedere wat aan die organisasie behoort, sodat dit wat in die Sotho's se besit was, teruggebring word, dat dit nie meer bestaan nie. Dit was natuurlik nie die einde van my pligte nie.

So, al die dokumente moes by een punt bymekaar gebring word? -- Dit is so.

Wat is die ander pligte? -- By die sekuriteit het ek toe die biografieë van die nuwe mense geneem wat gewerf is en die mense het saam met my gewoon te Tsosane.

En die biografieë en wat nog? Wat was jou ander pligte as hoof van intelligensie? -- Ek was in beheer van hierdie persone wat daar was wat gewerf is.

Nog? -- En die hou van dokumente en ander goedere.

In beheer van dokumente ook. Die biografieë, kan jy vir die Hof sê wat bedoel jy daarmee? -- Dit is om 'n ondersoek in te stel oor 'n persoon.

Wat aansluit by die ANC? -- Ja.

En die dokumente, as die ondersoek nou gedoen is, word dit daar by jou gehou? In sekuriteit gehou? -- Ek moes daardie dokumente deurgevat het na die hoof van sekuriteit te Lesotho, 'n persoon met die naam van Socks. Indien daar enige rede was om dit terug te stuur na my toe, sou hy dit teruggestuur het na my toe. Hy is bekend as Socks Sokupa.

<u>HOF</u> : Word 'n biografie saamgestel uit inligting wat die persoon wat aansluit, die rekruut self gee of is dit inligting wat 'n mens rondom hom van ander mense versamel? -- Dit werk so. Daar is 'n getikte vorm met vrae wat geantwoord moet word deur

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die rekruut. Hy word daardie vorm gegee, sodat hy die vorm invul. Nadat die rekruut daardie vorm ingevul het, word dit verdeel in drie hoofde, naamlik persoonlike agtergrond, sosiale agtergrond and politieke agtergrond.

MNR. JACOBS : In die politieke agtergrond, wat kom daarin voor? -- In die eerste plek moet jy weet by watter organisasie was die persoon gewees in Suid-Afrika. Tweedens, indien wel, wat se posisie het hy beklee. Derdens, was hy al ooit gearresteer en vierdens, die "harassment" wat hy gekry het van die sekuriteitspolisie. Indien hy al ooit gearresteer was, was hy ge"torture" terwyl hy in aanhouding was of wat die posisie is. Nou moet hy verder ondervra word of hy vir die eerste keer hoor van die ANC hier buite Suid-Afrika of het hy al vantevore, dit wil sê by die huis, gehoor van die ANC. Dan moet die persoon ook adresse verskaf van die beriggewers in die onmiddellike omgewing waar die persoon gewoon het in sy land en die polisiebeamptes in die onmiddellike omgewing van waar hy gewoon het, sowel as die goewermentsinstallasies in die nabyheid van sy woning.

As hierdie vorm nou voltooi is, word daardie inligting opgevolg deur die intelligensie-afdeling? -- Ja. As daar iets onduidelik is, word daardie inligting gegee aan die koeriers om dit terug te vat na die omgewing toe waarvandaan jy oorspronklik kom.

En die inligting oor organisasies? Word dit ook opgevolg? -- Ja, dit val onder die sosiale agtergrond van die persoon.

Word dit opgevolg? -- Ja, dit is so. Vernaam as die persoon sê dat hy aan 'n sekere organisasie behoort het en die persoon het 'n pos beklee in daardie organisasie. Dan sal dit opgevolg word.

Hoe word dit opgevolg? -- 'n Afskrif van daardie inligting

... / word

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

word aan 'n koerier gegee, wat dit dan moet kom nagaan in die omgewing wat die persoon beweer hy gewoon het.

En by die organisasie? -- Die persoon met die afskrif sal na daardie organisasie toe gaan om te verneem en uit te vind.

Is daar iemand by wie hy dit kan gaan doen by daardie organisasie of nie? -- Daar is kontakte wat bestaan by die betrokke organisasies.

Vertel ons meer van die kontakpersone wat julle het? --
K24 Hoe?

Wat is 'n kontakpersoon? Gee vir ons 'n beskrywing daarvan? -- 'n Kontak is 'n persoon wat simpatiseer met die ANC. Daardie persoon, as dit so is en ons hom so goed gekeer het, sal daardie persoon na Lesotho toe kom en te Lesotho sal daardie persoon dan verdere instruksies gegee word wat sy pligte gaan behels namens die ANC in die land.

Hou julle lêers van die mense wat so aangestel word as kontakpersone? -- Ja, dit moet gebeur, want jy sal nie weet of die persoon 'n dubbel agent is nie, hy werk daardie kant en hierdie kant.

As die hoof van militêre intelligensie, het jy toegang gehad tot al hierdie lêers en stukke daarso wat gehou word deur die ANC? -- Ja, enige tyd, indien ek dit goed gevind het.

Kan jy vir die Hof noem of daar enige organisasies is wat so verbonde is aan die ANC?

Net 'n oomblik. Laat ons net duidelikheid kry daaroor wat presies die vraag is. Is daar persone in beheerstrukture van organisasies wat op die lêer is of bedoel u 'n organisasie as sulks, want ons het tot dusver net van kontakpersone gepraat? Wat presies is die vraag?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek sal op die oomblik net konsentreer by

... / persone

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

persone. Ek sal miskien eers uitbrei oor organisasies en miskien duidelikheid kry.

MR BIZOS : Whilst My Learned Friend is looking at his file. If the evidence is going to be that this person read something in the file ... (Court intervenes)

COURT : Let us first see what the question is.

MR BIZOS : I appreciate that.

MNR. JACOBS : Van die organisasies wat hier in die Republiek is, verskillende organisasies, is daar mense wat van die organisasies gekom het na die ANC toe?

MR BIZOS : With respect, the question is whether people from organisations in South Africa came there. The answer must of necessity be hearsay unless a foundation is laid and I do not know what organisations are being referred to. If somebody comes to Lesotho and says "I am from organisation X", this witness cannot say, unless of course it is one of the accused or somewhere connected with the ordinary rules would apply. He cannot come and say that people come from organisations in South Africa and Sam from such and such an organisation. Nor can he say what he saw in files.

COURT : May be the answer is no. Then your objection is futile.

MR BIZOS : I accept it fully, but ... (Court intervenes)

COURT : If the answer is affirmative, then I take it the next question would be how do you know that. If he does not know, the answer is nothing. So, should we not wait and get the evidence a bit further?

MR BIZOS : Strictly speaking, yes, but whilst I am on my feet, I think I ought to say this. There is a formal admission in relation to the ANC and the object of the ANC. We listened carefully and patiently to the travels of this witness from Libya to the Ciskai. I would appeal to My Learned Friend

... / that

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

that having regard to the admission in relation to the ANC in the 115 statement, we should perhaps be spared some of this detail. I am assuming that all that background was led for some purpose and we may be becoming very near it and whilst I am on my feet I thought that I would mention that a person who has presumably defected from the African National Congress cannot come to court and tell us what is supposed to be in files of the ANC in Lesotho which we have no opportunity of seeing, because it will be hearsay and I thought that I may save a considerable amount of time if I drew this to my Learned Friend's attention.

COURT : Would you say that it would be inadmissible if the file is not available?

MR BIZOS : Even if the file is not available.

COURT : Well, at the moment we are not busy with the files. Let us just get the questions done.

MR BIZOS : Or any statement made to this witness.

COURT : And when the question is asked, you make a specific objection to a specific question.

MR BIZOS : As Your Lordship pleases.

MNR. JACOBS : Ek sal probeer om die getuienis te lei met spesifieke gevalle en dan sal ek weer terugkom, dat ek miskien die ding duideliker kry.

As hoof van veiligheid moes jy na die Republiek self kom om dinge hier te kom doen?-- Ja, dit is so.

Waarheen is jy? -- In Februarie 1985 was dit die eerste keer wat ek in hierdie land infiltreer het. Ek was in Oos-Londen.

Wat was jou opdrag gewees in Oos-Londen? -- Ek moes verkenning gedoen het te Bridal Dam en ook by Naval Base in die nabyheid van John Vorster-brug en ook om te probeer om

... / veilige

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

veilige huise te bekom.

Wat is 'n veilige huis? -- Dit is 'n huis wat die infiltreerders kan besit in hierdie land sonder dat hulle uitgewys kan word of opgespoor word of bespeur word deur enigiemand.

Het jy veilige huise toe in Oos-Londen geskep? -- Ek het in 'n huis gewoon, maar ek het aanbeveel dat die ander infiltreerders moet nie in daardie huise bly nie. In die omgewing van Bridal Dam is daar "shrubs" en daar is ook water daar. Hulle kan daar gaan bly.

Die huis waar jy in gebly het, was dit 'n veilige huis? -- Ja.

Wie se huis was dit? -- Dit was Beza se huis.

Wie is Beza? -- Beza is die eienaar van die huis, maar ek het by daardie huis gekom oor sy kinders.

Watter kinders? -- Brian Beza en Kaya Beza.

Wat van hulle? -- Brian het ek geken voor ek die land verlaat het. Ons was saam op kollege. Kaya het ek ontmoet te Lesotho te Kingdom. Kingdom is waar die huise van SACTU geleë is.

Hierdie mense wat jy noem, was hulle lede van organisasies? -- Kaya was 'n lid van East London Youth Congress. Hy was in die "political department" van die East London Youth Congress, publisiteit in die politiek.

En die ander een? -- Nee, Brian het net gewerk.

Het hulle geweet jy is van die ANC? -- Ja, beide van hulle het geweet. Kaya het ons ontmoet te Lesotho en Brian het ek weggegaan terwyl ons by die skool was saam met hom.

Waar het hulle jou ontmoet in Lesotho? -- Ek het gesê te Kingdom.

Wat het hy daar gemaak?-- Hy het daar gekom oor aangeleenthede wat betrekking het op SACTU. Ek het nie aan SACTU

... / behoort

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

behoort nie. My doel van besoek daar was om die ander kamerade daar te gaan sien wat daar was. Dit is hoe ek hom daar ontmoet het.

HOF : Wat is SACTU? -- South African Congress of Trade Unions. Dit val onder die Democratic Alliance met ANC. 'n Mens sal vind dat daar kamerade is wat in die ANC is en wat ook aan SACTU behoort aan die een kant.

MNR. JACOBS : Kaya, het hy enige ander verbintenisse gehad met die ANC? -- Ja, Kaya is 'n koerier.

En jy sê hy was verbonde aan die East London Youth Congress? -- Dit is so.

As 'n koerier, het hy nog ander pligte ook gehad?-- Waar?

In verband met mense, werwing en so aan? -- Nee.

Van Oos-Londen af waarnatoe is u toe? -- Ek is terug na Lesotho toe.

Het jy daar gerapporteer aan die mense? -- Ja, wat gebeur het daar in die militêre afdeling is, as jy terugkom vanwaar jy was met 'n sending, moet jy rapporteer aan jou "military structure". As hy nie beskikbaar is nie, moet jy aan die streekverteenwoordiger rapporteer. Dit is nou die "commander".

In Mei 1985 het jy weer teruggekom na die Republiek toe? -- Twee maal, ja.

Wat het jy kom maak? -- Vir die eerste keer het ek teruggekom omdat ek 'n persoon moes vergesel het of begelei het terug na die land toe en die tweede besoek was, ek was aan diens gewees.

Die eerste een, saam met wie het jy teruggekom? -- 'n Persoon met die naam van Stompie, wie se pligte dit was om "recruiting" te doen vir die ANC.

Stompie, weet jy waarvandaan af kom hy? -- Stompie was

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die Vaal af. Hy en Oldman het saam gewerk en beide van hulle was van die Vaal af.

Weet jy aan watter organisasies hulle daar behoort het? -- Hulle het aan ons gesê hulle het aan VCA behoort.

Hoekom moes jy hom vergesel?

HOF : Is hierdie getuienis toelaatbaar?

MNR. JACOBS : Dit is kennis - kan ek net my gesag gaan soek, dat ek dan net elke keer, want ek dink dit is kennis wat uit sy ondersoek wat hy gesê het wat daar gehou word deur die ANC en dat hulle mense ontmoet het, die mense wat daar gekom het, dat ek dit kan aanbied ten minste vir wat dit gesê is ook.

HOF : Ja, goed. Is there an objection against this evidence?

MR BIZOS : Yes, there is. I submit with the greatest respect ... (Court intervenes)

COURT : Before we hear your objection, let us give Mr Jacobs an opportunity to get his authorities together.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

1C6, nog onder eed

MNR. JACOBS : Ek wil wat Stompie gesê het terugtrek. Ek sal lateraan probeer om die deel waar die ANC betrokke is, om die ANC se aktiwiteite ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die antwoord dat hulle gesê het dat hulle aan die VCA behoort, word geskrap. Ek wil net 'n opmerking maak. Ons het nou lank en breedvoerig geluister en getuienis gehoor ook oor dat party mense nie in veilige huise moet bly nie, maar dat hulle liewers langs die dam tussen die bossies moet bly, ensovoorts. U het nie vir ons gesê by hierdie getuie wat die rigting van sy getuienis is nie. Ek is nog steeds in die donker, ten spyte van 'n versoek wat ek gister gerig het dat u net asseblief die getuienis 'n bietjie sif, dat ons nader

... / aan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

aan huis kom met gedeeltes daarvan. Dit wil op die oomblik voorkom asof baie van die getuienis taamlik wydlopig is.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Die tweede geval wat jy genoem het, ek sal oorgaan na hom toe, sê jy jy het met 'n opdrag gekom? -- Ja, dit is so.

En waarheen het jy gekom met die opdrag? -- Ek moes Crown toe gegaan het, maar ek moes in Germiston begin het voor ek na Crown toe gaan.

Nou wat was jou opdrag gewees in Germiston? -- Ek moes pamflette aan ene Tabo gaan aflewer het en nog 'n tweede persoon met die naam van Popplas ook bekend as Small.

Wat se pamflette moes jy gaan aflewer het? -- Dit het betrekking gehad op die Freedom Charter en die skoolboikot.

Het jy toe gekom hiernatoe? -- Met my aankoms te Germiston het ek ene met die naam van Satch ontmoet wat aan my goed bekend was.

Hoe goed het jy hom geken? Jy sê jy is goed bekend aan hom? -- Ek het vir Satch leer ken te Lesotho terwyl ek nog aan die PAC behoort het, want hy het verskeie kere daar gekuier vir ene Mvimbi wat in Lesotho was.

En daar by Satch, toe jy nou by hom gekom het, wat het jy met die pamflette gedoen daarna? -- Satch het gereël dat ek vir Tabo ontmoet. Hy het hulle gesien. Daarna was daar toe 'n afspraak gemaak dat ons later weer met hulle kamerade moet ontmoet.

En toe? -- Wat ek bedoel is, het aan COSAS behoort, hulle was lede van COSAS. Ek moes nog hulle vriende ontmoet het wat saam was op die skool Alafang.

Hoe weet jy van COSAS? Het jy enige persoonlike kennis daarvan? -- Toe ek hier gekom het, het ek alreeds geweet dat hulle lede was van COSAS. Toe ek Satch daar ontmoet het,

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het ek 'n beskrywing van die persoon aan Satch gegee en Satch het toe die persoon geken. Dit is hoe Satch gereël het dat ek die persone ontmoet het.

Het jy die persone voorheen geken? -- Ek het vir Tabo geken.

MR BIZOS : With respect, the same objection applies.

MNR. JACOBS : Ek het probeer vasstel, ek stem saam ek wou dit nie lei nie, hy het dit uitgebring voordat ek dit kon ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die verwysing na COSAS word geskrap.

MNR. JACOBS : Wat het met die vriende gebeur? Jy het 'n persoon ontmoet en jou vriende, wat het gebeur tussen hulle en jou? -- Ons het gepraat oor hierdie boikot van hulle waar hulle aan my genoem het dat hulle 'n probleem het.

Julle het oor die boikot gepraat en wat het jy toe gedoen?

HOF : Is dit nou die skole boikot of is dit 'n ander boikot?

MNR. JACOBS : Die skole boikot? -- Dit is die skole boikot. Die getuie het alreeds gesê "Ek het hulle raad gegee hoe om dit te oorkom."

Wat se raad het jy aan hulle gegee? -- Ek het hulle die raad gegee van die "formula" van die "home-made".

HOF : Wat presies is die formule van die "home-made"? -- Dit is amper dieselfde soos die petrolbom, maar dit is meer sterker as die petrolbom. Daar is twee tipes van hierdie formule van die "home-made". Dit is 'n "cocktail" en "Molatov".

Wie het die skole boikot georganiseer dan? Van watter skole boikot waar praat ons? -- Dit is verlede jaar te Katlagong.

En was jy hierheen gestuur om iets daarmee te doen te hê of was jou advies maar bloot toevallig? -- Ek was hierheen gestuur om pamflette te kom aflewer, maar toe ek dit

... / gedoen

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gedoen het, het hulle toe voorgekom met die probleme wat hulle ondervind, as gevolg waarvan ek toe uit my eie inisiatief hulle begin raad gee het.

MNR. JACOBS : Nadat jy met hierdie mense klaar gepraat het, het jy genoem jy moes nog na ander plekke ook gaan, maar ons los dit nou daar. Wat het jy toe gedoen? Wat was die volgende stap? -- Ek het toe voortgegaan.

Waarheen is jy toe? Het jy 'n tekort aan geld gehad of iets van die aard? -- Ek was op pad na Johannesburg toe, maar ek het die geld gebruik daar waar ek was.

Waar gaan jy heen? -- Ek is toe na die stad toe in Johannesburg te Khotso House om geld te gaan soek.

Hoekom moes jy na Khotso House toe gaan? -- Ek het geweet, ons was gesê dat indien jy enige probleme in hierdie land ondervind met betrekking tot finansies, kan jy na hierdie organisasies toe gaan COSAS, mense wat geaffilieer is by die Freedom Charter om hulp te gaan vra.

Vertel vir ons meer, wat was die hele basis van die ANC se kant af oor hierdie aspek gewees? -- Hulle het gesê as jy probleme het kan jy na die organisasies toe gaan wat "subscribe" aan die Freedom Charter om hulp van hulle te gaan vra.

Het julle kennis gedra, het die ANC en julle kantore hierdie organisasies geïdentifiseer? -- Ja, dit is so.

Kan jy vir ons noem van die organisasies? -- Daar is so baie van hulle. Moet ek almal van hulle noem?

Noem vir ons? -- In die Kaap is CYCO Cape Youth Congress, UDF Cape, Western Province Association en in PE kry jy die MACUSA, dit is van die Trade Union, COSAS, PECO - East London het

HOF : Net 'n oomblik, wat is PECO? -- Port Elizabeth Black

... / Civic

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Civic Organisation.

Ja, gaan voort? -- East London Youth Congress, SAAWU, East London Youth Organisation ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Die SAAWU ken jy net vir ons sê wat is dit? -- South African Allied Workers' Union.

Weet jy wie is die hoof of die president van SAAWU? -- Ek het geweet wie dit was.

Wie is dit? -- Tozamile Gqweta.

Het jy hom gesien in Lesotho by julle kampe? -- Daar is nie kampe daar nie. Ek het hom by die huise van die ANC gesien.

Wat het hy daar gemaak? -- Hy het 'n rapport daar kom maak aan SACTU, want SAAWU werk vir SACTU. Hy het 'n vervalste reisdokument by hom gehad van die Transkei ... (Mr Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : Is the relevance of this is, the least to say, questionable. This is a well-known personage in a trade union movement, in support of which allegation facing these accused is it relevant. As much of the other evidence in this case which may be admissible for South Africa's International relations in any dispute, but what is the relevance to this case and I would ask Your Lordship to indicate to My Learned Friend to lead only relevant evidence.

MNR. JACOBS : In die dokumente voor u sal dit uitkom, wat voor u geplaas sal word, dat hierdie besondere persoon was ook 'n president van die UDF en dat die president van UDF dan ten minste ook direkte skakeling gehad het.

COURT : I cannot say it is irrelevant at this stage, Mr Bizos.

MR BIZOS : He is not a president of the UDF.

MNR. JACOBS : En ook van die vakbonde wat opereer in die UDF.

MR BIZOS : The relevance was indicated to Your Lordship on

... / the

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the basis that he was president of the UDF. If my memory serves me correctly and I am corroborated by my able assistants in this case that this is not a fact and it is not alleged to be so. So, the relevance upon which ... (Court intervenes)

COURT : Does his name appear in the papers before court?

MR BIZOS : I cannot off-hand tell Your Lordship that.

COURT : In the list of name that has been supplied by the State?

MR BIZOS : If Your Lordship bears with me for one moment, but assume for one moment that his name does appear, the expression of this witness's opinion that he was in Lesotho with a false Transkaian passport ... (Court intervenes)

COURT : It is not an opinion. He saw it.

MR BIZOS : Yes, well, that he was there and that his opinion was that it was a false Transkaian passport.

COURT : May be he saw that the name was not his name on the passport. We do not know that yet.

MR BIZOS : Of course, we do not know, and we do not want to have to investigate it, but what I do submit, with respect, is that ... (Court intervenes)

COURT : As I see the State's case seems to be, that members of various organisations in the organs of various organisations had contact with the ANC and those members in those organisations also had contact in some way with the UDF and from those facts the State wants to draw certain conclusions.

MR BIZOS : I would concede that if I known member of an alleged member of the UDF was seen in Lesotho and what the witness describes as an ANC house, I would not object and I did not object, but for this witness to make a speech about saw him with his own eyes, saw that he had a false Transkaian passport,this may of course be with great interest to the



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

persons who took his statement for further investigation, but it is not relevant to any of the issues before Your Lordship.

COURT : The question at this stage is whether I can stop the question. It may well be that there will be evidence that it connects this gentleman to the UDF. I do not know what is coming.

MR BIZOS : We are all in the dark.

MNR. JACOBS : Kan ons net die antwoord kry? -- Dit was een van my pligte daar om vas te stel, indien 'n persoon deurgekom het, of die persoon deur die rivier gekruis het, dit is die Caledonrivier en of die persoon die grenspos gebruik het, al dan nie. Ek moes na die reisdokument gekyk het. Ek het die persoon Tozi goed geken. Die paspoort of die reisdokument het ek nagegaan en gesien dat die name daar is nie syne nie, want die naam op daardie reisdokument was Richard Meti van Transkei.

Wat is die persoon se regte naam? -- Hy is aan my bekend as Tozamile Gqweta.

Goed, jy het nou daardie organisasies genoem. Gaan voort. Wat is die ander organisasies? -- Aan die Rand SOYCO.

Waarvoor staan SOYCO? -- Dit is Soweto Youth Congress. Dan is daar die UDF. Ek sal nie sê dit is 'n organisasie nie, dit is 'n "Front" van organisasies.

Wat was die reëling met die ANC omtrent hierdie organisasies wat jy nou genoem het? -- Hulle het gesê ons kan na hulle toe gaan vir hulp indien dit nodig is vir ons. Dit kan miskien hulp wees in verband met finansies of enige hulp, afhangende van watter hulp jy nodig het.

Was daar enige instruksies omtrent veiligheid as julle na die organisasies gaan? -- Ja. Jy, 'n persoon wat nou hulp

.../ nodig

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nodig het, moet altyd toesien dat dit veilig is om 'n persoon te nader. Jy moet so optree dat jy nie die ander persoon wat jy genader het in die moeilikheid laat beland nie.

As gevolg van hierdie opdrag van jou of hierdie reëlings wat daar is, wat het jy toe gedoen toe jy by Khotso House kom?

HOF: Voordat ons nou met die aspek van Khotso House voortgaan, is dit miskien tyd vir die verdaging.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K25 1C6, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Ons het gekom dat jy gesê het jy het na Khotso House toe gegaan. Wat is Khotso House? -- Dit is 'n gebou met kantore.

Na wie het jy daar in Khotso House gegaan spesifiek? -- Ek het nie na 'n spesifieke persoon daar gegaan nie, maar ek het daarheen gegaan om hulp te gaan soek vir geld.

Van wie wou jy die hulp gehad het? Wou jy dit van die organisasie gehad het of van wie wou jy dit gehad het? -- Met my aankoms daar is ek na die sesde verdieping daar. Die rede hoekom ek soontoe gegaan het, is toe ek daar buite kom het ek op die bord gelees, dus het ek na die UDF se kantoor gegaan.

Het jy voor heen geweet die UDF se kantore is in Khotso House? -- Ja, ek het geweet.

Jy sê jy is na die sesde vloer. Het jy by die UDF se kantore toe uitgekom? -- Dit is so.

En het jy daar iemand gespreek oor jou probleem? -- Ek het met die sekretaresse daar gepraat. Dit was 'n Swartdame gewees. Sy het vir my gevra wat se soort hulp het ek daar kom vra. Toe sê ek vir haar nee, ek kan dit nie aan haar

... / verstrek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verstrek nie. Ek wil 'n persoon hê saam met wie ek kan praat.

Het jy die naam van 'n persoon genoem? -- Sy het aan my gesê sy gaan met ene Ndou praat in die OU. Toe die persoon by my kom het hy vir my gevra watter soort hulp het ek nodig.

Wie was dit? -- Die persoon wat hulle Ndou genoem het. Nadat ek hom vertel het wat my nood was, het hy vir my verwys na 'n ander kantoor onder wat hy gesê het is die SACC se kantoor.

Wat het jy vir hom gesê is jou nood? -- Ek wou geld gehad het.

Hoekom? Het jy vir hom gesê? -- Ek het aan die persoon verduidelik dat ek soek geld, ek is verleë oor geld, ek is 'n persoon wat van buite die land af kom, 'n lid van die ANC, daar is sekere werk wat ek moet doen, dus het ek hierdie geld nodig.

Het jy vir hom gesê wat se werk? -- Nee.

Het jy vir hom gesê hoekom jy nou na hom toe gekom het en na hierdie kantoor spesifiek? -- Nee.

Toe is jy na die ander kantoor toe en wie het jy daar ontmoet?

HOF : Die ander kantoor synde die SACC? -- Dit is korrek.

Wat is die SACC? -- South African Council of Churches.

Is dit in dieselfde gebou? -- Ja, dit is dieselfde gebou op die derde verdieping.

MNR. JACOBS : Toe u by die kantoor kom op die derde verdieping, watter persoon het u daar ontmoet wat jou gehelp het en jou te woord gestaan het? -- Die persoon wat my verwys het na die SACC toe, het vir my gesê ek moet daarheen gaan en praat met ene Beyers Naude, die sekretaris van die SACC. Toe ek net by die deur ingekom het, het ek 'n vroumens, 'n Swartvrou, raakgeloop wat by die ontvangs was. Sy vra my toe wat soek ek daar. Ek sê toe aan haar dat ek het hiernatoe gekom na die

.../" Secretary

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"Secretary General". Sy het my toe verwys na die sekretaresse van Beyers Naude wat 'n Blankedame was. Haar kantoor is net langsaan die kantoor van Beyers Naude. Ek sê toe vir die vroumens dat ek vir Beyers Naude wil sien, dit is dringend en privaat. Toe ek daar kom was daar 'n Blankevrou gewees in Beyers Naude se kantoor. Die dame hier, die sekretaresse, is toe in die kantoor in. Sy het teruggekeer na my toe en my meegedeel dat ek Naude sal sien. Die Blankevrou wat in Naude se kantoor was, is toe uit. Ek het toe die kantoor binnegegaan. Hy het toe gesê na ek ingekom het dat ek moet sit. Ons het die deur toegemaak. Ek het toe aan hom vertel wie ek is, ek kom van die ANC af, ek soek geld en toe aan hom verduidelik hoekom ek die geld nodig het.

Wat het jy vir hom gesê hoekom het jy die geld nodig? -- Ek het aan hom gesê ek soek hierdie geld om te gebruik hier binne-in die land. Daar is sekere werk wat ek moet doen waarvoor ek die geld gaan nodig kry, ek is van die ANC, dit is die ANC se werk wat ek kom doen, waarop hy toe aan my gesê het ek moenie hard praat nie, ek moet sag praat.

Wat het hy toe gedoen op jou versoek? Ek wil nie weet wat hy gesê het nie. -- Hy vra my toe hoeveel geld het ek nodig. Ek sê toe vir hom R60,00 sal doen, want dan sal ek dit kan gebruik om geld te gaan haal. Hy het my toe die bedrag gegee van R60,00, bestaande uit drie R20-note wat hy uit sy baadjiesak gehaal het. Die baadjie het oor 'n stoel gehang. Die geld het hy uit 'n koevert gehaal toe hy dit aan my gegee het. Hy sê toe verder aan my "Kyk, hierdie geld ... " (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Ek dink jy kan dit maar los. Goed, gaan aan? (Onhoorbaar)

HOF : Is dit ter sake op ons saak?

MNR. JACOBS : Dit sal daaruit (onhoorbaar)

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Maar dit is tog seker nie nodig dat die detail verduidelik word nie? Is dit nie voldoende as gesê word "Ek het toe R60,00 daar gekry" nie? Hoe is wat hy gesê het bewys in hierdie hof?

MNR. JACOBS : Nee, ek het nie gesê hy het gesê nie.

HOF : Toe het u gesê gaan maar aan.

MNR. JACOBS : My Geleerde Vriend (onhoorbaar)

HOF : Daar was nog nie beswaar nie. Ek luister met altwee ore. As daar 'n beswaar is, sal ek luister. Totdat daar 'n beswaar is, gaan u voort.

MNR. JACOBS : Wat is daar gesê?

HOF : My beswaar was hoe is dit ter sake wat daar gesê is?

MNR. JACOBS : Nee, dit is nie. Dit is daarom dat ek hom probeer stop het. Ek (onhoorbaar)

HOF : U het toe gesê laat dit maar daar. Nou wat ek op u volgende vraag.

MNR. JACOBS : Ek is jammer. Ek gaan na 'n ander aspek toe oor. In Lesotho het julle samesprekings gevoer oor die militantheid van die jeug in Suid-Afrika (onhoorbaar)? -- Ja, ons het dit bespreek, want dit het ons geraak, want ons was persone wat probeer het om te baklei vir hierdie land.

Was daar 'n opinie tussen die mense van die ANC in die bespreking omtrent die jeugmilitantheid (onhoorbaar)slagspreuke, krygsliedere en daardie tipe ding?

MR BIZOS : The question is obviously a leading question. He is asking the witness to express an or rather to give evidence of opinions of people, if I understood it correctly and that on both grounds it is objectionable, and I must object.

MNR. JACOBS : Ek bied dit aan (onhoorbaar)

HOF : U kan die inhoud van die bespreking gee , maar u het gevra oor die mense se opinie. Ek het gedink u wil weet is



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar slagspreuke geformuleer of iets van die aard.

MNR. JACOBS : Ek kan dit dan net duideliker stel. Met die besprekings wat julle gehad het oor die militantheid van die jeug, wat het julle bespreek? -- Ek sal hier moet begin. In die jaar 1985 op die almanak van die ANC en Mkhonto we Sizwe was die jaar van die "Cadre(?)".

... / MR BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS: My Lord if My Learned Friend has finished with the aspect of the visit to the Khotso house there are certain submissions that we want to make to Your Lordship in relation to that evidence.

COURT: Are you objecting to the evidence?

MR BIZOS: Yes My Lord.

COURT: Yes?

MR BIZOS: My Lord neither the secretaries that this witness first met nor Mr Ndawo, Ndawo is apparently, I beg your pardon I withdraw the Ndawo, nor Dr Beyers Naude are mentioned as co-conspirators in the indictment. Statments made extra-judicially by persons who are not said to be party to the conspiracy in the indictment are not admissible and the detail with which this witness was led to give evidence against the body with a high public profile and individuals of a similar nature without their having been named in the indictment, without us having had an opportunity to take any instructions from them, without their having an opportunity to defend themselves against the commission of offences is not only irrelevant to the issues raised in the indictment but to allow the evidence to stand and publicity to be given in a trial which is held in camera which is highly prejudicial to a body well known to the public of a religious nature, Dr Beyers Naude, may, in our respectful submission, give the impression that Your Lordship's court is being used for a purpose other than an attempt to convict the persons before Your Lordship and the Learned Assessors but rather to cast aspersions against people that have no right of audience before Your Lordship and who have not even been mentioned in the indictment.

COURT: Now let us just get clarity what the objection is.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Whether somebody is struck by the tar brush in a court case is something that may be regrettable but it does not affect my decision on whether the evidence is admissible or is not admissible. The evidence led was "I went to Khotso House, to the UDF's offices. I spoke to the secretary there and I explained my position to him. I told him I was from the ANC and I needed money. I was sent to the SACC offices and I got money." What is the objection against that?

MR BIZOS: The objection is that the, in order that the evidence may be admissible as to what may have happened at the SACC offices they should have been named as co-conspirators.

COURT: But why? On the same basis Mr Kaya, or whatever his name was, whose name was mentioned here should have been mentioned as a co-conspirator, he is also brushed with the tar brush, everybody is.

MR BIZOS: Yes but My Lord, they are, and this is true and may be that there should have been an objection in relation to Mr Kaya as well if he is not named as a co-conspirator, and as to what he said and what he did.

COURT: And the same applies to Mr Kwethu. On that basis one would not have any name her of anybody who is not mentioned in the indictment.

MR BIZOS: Who is not mentioned as a co-conspirator as ...

COURT: Not mentioned as a co-conspirator.

MR BIZOS: As having said or done anything in furtherance of the conspiracy.

COURT: Now there is a difference between saying and doing.

MR BIZOS: Yes.

COURT: Well the performance of an act may possibly be described but the conversations and the statements of non-

named/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

named co-conspirators are not admissible.

COURT: Well the statements of Mr Naude have not been put before Court. I stopped the question. The act of him I cannot see how that cannot be admissible, the paying of the money. The secretary, the statement by the secretary or the sending by the secretary to a different floor to a different office, on what basis can that be inadmissible.

MR BIZOS: I rest my objection on the basis that the performance of any act in the furtherance of the conspiracy, which is not alleged in the indictment, is not admissible. There is nothing of these allegations in the indictment. On what basis is what people may or may not have done admissible if they are not alleged in the indictment? And that is what it rests on.

MNR JACOBS: Edele, die getuienis aangebied dat hierdie getuie (onhoorbaar) Die verdere bewering in die klagstaat is dat sekere organisasies (onhoorbaar)

HOF: Verwys my nou na die gedeelte van die akte van beskuldiging waarop u staatmaak? Die bewering is dat hierdie glad nie gedek word deur die stukke nie. Verwys my dan na die dele waarop u staatmaak, dan kan ek die saak beoordeel. U weet, daar is baie stukke, ek kan nie alles onthou nie.

MNR. JACOBS : Ek sal net moet kyk. (Onhoorbaar)

HOF : Wil u 'n verdaging hê?

MNR. JACOBS : Asseblief.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

1C6, nog onder eed

MR BIZOS : The evidence is outside the period of the indictment. According to the witness these things happened in May. Your Lordship will recall that the indictment finishes

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in April 1985 and which Your Lordship will know from the controlled documents is 8 May a date long after the arrest of the accused. So, if Your Lordship is really concerned with the proof of a conspiracy to hold the accused responsible, surely what happened long after their arrest - not long after, a month later the State chose to close the period of its indictment, is a factor which Your Lordship will take into consideration.

COURT : Could one not conceivably argue that there was a conspiracy during a certain period and this is a - flows forth from the conspiracy and may therefore prove that it was a conspiracy?

MR BIZOS : No, there can be no doubt that it was admitted that the ANC has a conspiracy, is party to a conspiracy. The issue before Your Lordship is thather these accused were party to that conspiracy or not. That is the main issue before Your Lordship and that i s what Your Lordship should really be receiving evidence on, once the conspiracy is admitted and once a breaking off point has been chosen by the State as April 1985, that they were in conspiracy during that period, then what happened after that ... (Court intervenes)

COURT : But say for example in 1984 it is common knowledge in the ANC that one can go to Khotso House and he goes to Khotso House in 1986, in January 1986 and is helped, would that not be evidence?

MR BIZOS : Evidence to prove possibly that there was a conspiracy between the ANC and the people in Khotso House.

COURT : At that stage?

MR BIZOS : At that stage, but Your Lordship is not concerned with that. Your Lordship has an admission before Your Lordship that there is an ANC conspiracy to overthrow the

... / State

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

State by violence. What happened between one of the members or what he says happened between him and other people beyond the period of the indictment, is not one of the issue - first of all the evidence must have evidential value in order to prove the innocence or guilt of the accused. They have admitted to Your Lordship that there was a conspiracy. That the ANC is in a conspiracy. As to whether the ANC is in conspiracy with the people in Khotso House in May 1985 is irrelevant. This is why we put it in the scale, that not only is it not anywhere in the indictment, but it is beyond the period during which the State alleges that these accused adhered to the conspirary. They were in custody and according to the State in the indictment placed before Your Lordship, that is it. If Your Lordship has in mind - I see Your Lordship's point in relation to before and after. Assume that an issue was joined, assume that the ANC - assume that the South African Council of Churches was alleged to be a co-conspirator, it was important for Your Lordship, it was one of the points in issue and Your Lordship had to make that finding, but there was no evidence that the SACC was a conspirator between April ... (Court intervenes)

<u>COURT</u> : Yes, but the evidence is not, does not tend to show necessarily that the SACC is a co-conspirator. One could conceivably say that the SACC acted as a bank. I mean, if you send somebody to the Barclays Bank to get R60,00, he is not a co-conspirator.

<u>MR BIZOS</u> : I think that if Barclays Bank opened an account for the ANC they would be a co-conspirator and its liquidator would very quickly go and seize the money. We add the additional factor that insofar, even if Your Lordship may conceive some possible basis that it is admissible, the fact

... / that

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

that it is outside the period of the indictment, may be one of the factors to add to the scale in excluding it. So, that we do not have to now have another trial as to what happened at the SACC offices in this trial.

MNR. JACOBS : Edele, met respek, as dit aangebied word, word dit in 'n geheel aangebied. In die eerste instansie het ons hier die geval dat die ANC en die bewering is hierso dat die ANC gesê het hulle kan enige tyd vir hulp gaan na die UDF kantore toe en dat hulp daar aangebied sal word. Die persoon, en dit is bekend gemaak in die tyd van die sameswering. Die persoon, die getuie in hierdie saak, het van daardie reg of voorreg wat daar gegee word, gebruik. Dit is 'n deel wat die Staat beweer van die algehele sameswering tussen die ANC en die SAKP en UDF. So, wat dan daar gedoen word, is nog deel van die uitvoering van die sameswering wat voortbestaan. Die Staat kan tog nie die getuienis aanbied in 'n gebroke deel nie. Dit word as 'n geheel aangebied. Hier is 'n persoon wat vir hulp kom. Hy word nie weggewys nie. Hy word nie weggejaag nie, maar hy word geneem of hy word verwys na 'n ander organisasie, hy word verder aangehelp en na 'n spesifieke persoon toe. Die spesifieke persoon sal volgens latere getuienis blyk, wat nog ingehandig sal word, die dokumente A1 wat ingehandig sal moet word, as 'n beskermheer van UDF. Dit is nie so irrelevant dat dit sommer net bloot uitgegooi moet word nie. So, my submissie aan u is dat onder hierdie omstandighede is die getuienis toelaatbaar en ook om die geheel eenheid van die getuienis voor die Hof te plaas. 'n Mens kan nie getuienis aanbied en dan kom jy by 'n "dead line" en dan sny jy sommer net hier af nie. Dit moet darem die eenheid of deel vertoon.

HOF : My probleem is, daar is 'n komp besonderhede gevra op

.../ die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die akte van beskuldiging. Is u vasgepen deur die besonderhede of nie? Ek wou daarop toegespreek gewees het, want anders moet ek self dit gaan nalaas vanaand om elke sinnetjie te kyk of u vasgebind is of nie vasgebind is deur die versoek om besonderhede nie. Dit is waarop ek toegespreek wil word.

MNR. JACOBS : Ek probeer net daardie een aspek kry. Ek kon dit nie so vinnig kry nie.

HOF : Wat sê u van vraag 1.6 "Insofar as the accused are charged with having committed the offences persuant to conspiracy involving officials and supporters of the UDF," in hierdie geval is dit nou "officials" waarskynlik "and its affiliates and the ANC as members and active supporters, the UDF/ANC conspiracy, the following particulars are required. The same particulars mutatis mutandis as requested in 1.1." 1.1 is "The names and members of the management structures." Dit dek dit nie. Spreek my maar toe. Ek sal self my werk doen.

MNR. JACOBS : Dan op die kwessie van die getuienis wat buite die klagstaat sou val, wil ek net verwys na R v DE BEER 1949 (3) SA 740 (A). Ek gaan net aan die Hof een van die besonderhede uitlees en dan in die kopstuk wat daar besluit is :

> "In an appeal it was contended inter alia, as the charge gave particulars and stabbing was not included in them, that evidence of stabbing had been wrongly admitted."

Dit was die geskil. Toe was beslis :

> "Held that the evidence of stabbing was inseparable from the evidence relating to the occurrences out of which the charge originated, that the fact that the appellant had used the knife was relevant in regard to the criminal intent with which he was charged and that it was part of the circumstances which the magistrate was entitled

... / to

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

to take into account in passing sentence."

So, die aspek mag ook op hierdie basis, is my submissie, moet dit binne - kan dit toegelaat word. Dit mag wees dat die Hof daarvan minder waarde kan heg as getuienis miskien op die end, dat daar ander toetse gaan toegepas word, maar op hierdie stadium op die toelaatbaarheid kan dit toegelaat word as getuienis. Op my argument wat ek aanvanklik gesê het dat 'n mens moet die geheel beeld hierso, die geheel wat daar gebeur het - 'n persoon word verwys na 'n ander een wat 'n lid van die hele klomp beskermhere van die UDF is, wat aktief daar iets gedoen het. Die enigste deel, as ek my reg herinner, is dat die name van dr. Naude was nie spesifiek genoem tussen die mense wat die bestuur vorm nie en daar die samesweerders is nie. Wat ek nie vinnig genoeg kan kry nou nie en wat ek moet soek - ek soek die aspek waar hierdie bewering gemaak word dat UDF deur bemiddeling van - het hulp verleen aan die ANC en ek wil net daardie deel wat ek vinnig moet soek - dit is 'n bietjie moeilik om dit hierso vinnig te gaan kry vir u, want noodwendig gaan 'n mens vinnig oor die ding. As die Hof dan op hierdie stadium vir my 'n redelike tyd gee - ek wil nie graag die Hof se tyd neem nie - kan ek gaan soek.

HOF : Het u ander getuienis om mee aan te gaan met hierdie getuie dan kan u hierdie argument môre-oggend voortsit?

MNR. JACOBS : Ek kan op 'n ander deel van sy getuienis aangaan.

HOF : Die getuie het seker heelwat getuienis wat u kan lei?

MNR. JACOBS : Ek sê mos ek kan op 'n ander deel aangaan.

HOF : Die aspek van Khotso House is in elk geval afgehandel. Daaroor kan dan beslis word voor die kruisverhoor aan die beurt kom.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

MR BIZOS : If it is going to be of any assistance, we do have

... / the

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the references to two passages which in fact, in our submission, limit the State. If Your Lordship has a look at page 40 of the further particulars, paragraph 13 of the further particu - lars. It arises from a request on page 13 of the request which is "Is it intended to allege that the UDF agreed specifically upon this aim? If so, when, where in what manner, to whom was such agreement made? If the State intends to rely on an implied agreement that this should be the aim of the UDF, that is to overthrow the State by violence and full particulars are required of the facts and circumstances from which such implied agreement may be inferred." That is on page 13 paragraph 9 of the request for further particulars." The answer that has a bearing on this evidence is paragraph 13 on page 40, the last paragraph. "UDF verleen hulp aan die ANC veral deur sy geaffilieerde organisasies, wat onder andere insluit die hulpverlening aan ANC opgeleide terroriste, skuiling te bied en inligting te verskaf." That is the nearest that that gets ... (Court intervenes)

COURT : Does it not with the words "onder andere" "inter alia"preclude this evidence? It is of course qualified on page 72 of the further and better particulars.

MR BIZOS : Precisely. That is what we were going to refer Your Lordship to "UDF verleen hulp aan AND opgeleide terroriste, maar die terroriste het 'n opdrag om vanweë sekuriteitsredes sover moontlik nie direk met UDF hoofkantoor te skakel nie, maar het opdrag om eerder met die geaffilieerde organisasies te skakel vir die hulp in hierdie sub-paragraaf uiteengesit." So, this appears to negative - first of all, may I draw attention to the fact that paragraph 13 does not say that there monetary help, "skuiling" and information.

COURT : Well, "skuiling" and information is brought in

... / connection

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

connection with the "geaffilieerde organisasies".

MR BIZOS : Yes.

COURT : You see, so the affiliated organisations helped in that respect. It does not preclude or exclude the monetary help.

MR BIZOS : But may we remind Your Lordship what we are really asking for. How are you going to draw an inference that there was this conspiracy. They say the affiliated organisations more particularly the UDF lent this assistance. That is the one, but then, paragraph (a) on page 72 seems to limit the State even further, by saying no, no, no, the instruction was that it must be through affiliated organisations and not the UDF itself. Then the "onder andere" which is a recurring theme on this, was limited, because one - defence counsel will may recall, do not want open ended things, and say well, this is all we have. That was a very good opportunity to apprise the accused that this was so and then of course this paragraph (c) does not apply. Those are the two which in our respectful submission confine this thing.

HOF : Mnr. Jacobs, as u saak was soos in die stukke uiteengesit, op hierdie stadium het ek hierdie inligting. Dit is al inligting waaroor ons op hierdie stadium beskik. Dan beteken dit dat vooruit gesien word dat daar moontlik ander inligting is. As dit dan so is dat daar ander inligting is, moet daardie inligting dan nie op die pleitstukke of elders beskikbaar gestel word nie? Kan ons met die saak voortgaan op die basis dit is al inligting wat ons het en dan lei 'n mens getuienis oor baie meer inligting. Dit is nou eintlik die tweede getuie waar ons hierdie soort probleem optel. Ek aanvaar u het seker nie geweet van die inligting nie, maar ek weet nie hoe u by hierdie besonderhede kan verbykom nie.

... / MNR. JACOBS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel dat op sekere van die inligting wat nou in die hof uitkom, het eers ter sprake gekom en heeltemal uitgekom met onderhoudvoering met getuies ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As dit so is, moet u of die getuienis nie lei nie of 'n wysiging aanvra, maar u kan nie maar net eenvoudig die getuienis ingooi en elke keer 'n beswaar kry nie. 'n Saak word op een manier gevoer of op 'n ander manier, maar hy moet op die korrekte manier gevoer word. As die saak beperk is deur die pleitstukke, dan hou jy jou daarby of jy wysig die stukke, jy kan nie net eenvoudig die getuienis voorgooi nie, wat elke keer 'n argument ontlok is dit toelaatbaar op die pleitstukke nie.

MNR. JACOBS : Ek vra dan formeel op hierdie stadium vir 'n wysiging van die klagstaat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Voordat u formeel vra vir 'n wysiging van die klagstaat moet u gaan sit en die ding formuleer, dat die ding nou nie 'n deurmekaarspul is nie. Het u hom geformuleer al?

MNR. JACOBS : Ek het dit net in my gedagte. Ek sal dit behoorlik gaan formuleer.

HOF : Ek sal dat u voortgaan met 'n ander stuk getuienis, as u iets wil doen hieromtrent, anders gee ek môre uitspraak op hierdie punt.

MNR. JACOBS : Ek sal dit formuleer en dit voor u stel.

HOF : Ons was in 1985 op die almanak van die ANC en Mkhonto die jaar is van die kader.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Jy was besig om vir die Hof te vertel van die bespreking wat daar op hoë vlakke plaasgevind het oor die militantheid van die jeug en jy het gekom by wat die Hof nou daar aangehaal het vir jou. -- Ja.

Gaan aan? -- In die nuwe jaar het ene Tambo van die ANC

... / gesê

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesê dat die ANC moet hulle militêre stand verbeter binne die land.

MR BIZOS : Are we to understand that the witness was present when Mr Tambo said this?

HOF : Watter Tambo verwys ons na? Ene Tambo.

MNR. JACOBS : Ek wou net hê die tolk moes klaar gepraat het, dan wou ek daarby ingekom het.

MR BIZOS : We are talking about "in die nuwe jaar". I am assuming it is 1985. I do not think that the witness refers to 1986.

COURT : Wait a moment Mr Bizos. All this will be cleared up in due course, we hope.

MNR. JACOBS : Het jy klaar jou antwoord gegee? -- Nee. Dit was die boodskap van mnr. Tambo vir die nuwe jaar.

Wie is mnr. Tambo? -- Oliver Tambo, die president van die ANC en die kommandant in hoof van Mkhonto we Sizwe.

Jy vermeld daar iets van 'n nuwe jaar? -- Ja.

Van watter nuwe jaar is dit? -- Die nuwe jaar van die ANC is op 8 Januarie van elke jaar. Ek praat van 8 Januarie 1985.

HOF : Kry die ANC op elke nuwe jaar 'n nuwejaarsboodskap van sy president? -- Ja, dit is so.

En is dit die nuwejaarsboodskap soos aan jou oorgedra was? -- Laat ek dit so stel. Elke agtste dag van Januarie-maand is daar 'n nuwejaarsboodskap. Voor dit gedoen word, moet hy eers gaan sit met die National Executive Council, dan sal hy hierdie verklaring maak. Na hierdie verklaring as 'n boodskap nou aangekondig is, sal hulle afskrifte stuur aan die verskillende streke.

MNR. JACOBS : Laat ons dit net duidelik kry. Jy het gesê dat voordat hy die boodskap gee, bespreek hy met die National Executive Council. Hierdie boodskap, is dit 'n

... / beslissing

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beslissing, 'n beleidsbepaling of wat is dit? Van die National Council of is dit mnr. Tambo se eie woorde? -- Wat gebeur is, hulle sal die werk van die vorige jaar nagaan en sien hoe hulle gevorder het in die ANC. Dan daarna, gaan hulle sit en praat oor wat die boodskap sal wees vir die nuwe jaar, hoe moet dinge gedoen word, wat is die prosedure om gevolg te word en wat word daardie jaar genoem. Vir die jaar 1985 het hy gesê die ANC moet sy stappe 'n bietjie verbeter binnelands.

HOF : Sy stappe of sy status? -- Sy status van militêre doen en late. Vir die eerste keer het hulle die sagte teikens bespreek, spesifieke sagte teikens. Dit is identifiseer as boere by die grense en die raadslede wat beweer word mense hier verkoop en ander mense wat vir die regering werk, vernaamlik die sekuriteitspolisie. Dit is juis die rede, in 1985 terwyl ek in Lesotho was, dat ons meer mense gewerf het om in Lesotho in te kom, waar hulle "crash courses" moes ondergaan het, want hier in onslland is daar nie bosse nie. Die enigste bos wat ons het, is die mense self. Dit is nie soos in Angola waar daar bosse is nie. Dit is hoekom ek sê ons het baie mense ingetrek Lesotho to vir "crash courses."

MNR. JACOBS : Op hoe 'n wyse het julle hulle ingetrek? -- Daar is sekere maniere waarop ons kommunikeer, gekodifiseerde boodskappe oor die telefoon of per brief.

En die brief, hoe het hy by sy bestemming uitgekom? -- Of deur die pos of jy kan dit per hand stuur met die kinders wat op skool is in Lesotho te Roma.

Het julle "crash courses", soos jy dit noem, aangebied daar in Lesotho? -- Ja, dit is so.

En aan wie het julle dit aangebied?

HOF : Wat is 'n "crash course"? -- Dit is om 'n persoon te wys



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hoe om 'n vuurwapen te gebruik ("rifle" soos die getuie sê) AK, "disassembly and assembly" daarvan, die pistool Makarov en Tokarov, granate, F1 "offensive", RGT5 "offensive". Jy wys die persoon om 'n vuurwapen te gebruik, byvoorbeeld as hy ge"stuck" het, hoe kan hy die ding maklik oopmaak om die koeël uit die loop uit te kry. Die ander mense, dit hang af natuurlik want daar is baie min tyd, van hulle sal ook opgelei word met die limpet, want dit is net drie dae.

MNR. JACOBS : So, die "crash courses" het net drie dae geduur? -- Dit is drie dae, 'n week of 'n maand. Dit hang af of dit in 'n kamp is waar dit gedoen word, dit is die opleiding. Dit kan ook drie maande neem.

HOF : Wat is 'n limpet? -- Dit is 'n myn. Dit is 'n plofstof. Hy het 'n "detonator". Dit word gebruik om (die woord is dubbelsinnig) geboue of huise op te blaas.

MNR. JACOBS : Wat was die doel van hierdie "crash courses" dan? Wat moes die mense doen? Dit is nou nadat hulle dit ontvang het? -- Na die mense opleiding ontvang het, dit is die "crash course" opleiding, die vervoeramptenare dal dan die vuurwapens vervoer en hulle infiltreer in die land in. Hulle kan dit dan gebruik teen die polisie en die raadslede.

Wat se raadslede? -- Dit word gedoen sodat die wet en orde nie behoorlik uitgevoer kan word nie. Byvoorbeeld Guguletu cross-roads.

HOF : Guguletu en "cross-roads" of net "cross-roads"? -- Ekskuus "cross-roads".

Ons moet net "cross-roads" hoor? -- Ja. Die mense daar in "cross-roads" is gewapen met granate en "rifles". Tot vandag toe, wat ek nou hier staan van verlede jaar af, het die polisie nog nie in "cross-roads" ingegaan nie.

../ Jy

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Jy het gesê hulle moet dit gebruik teen raadslede en polisie. Wat is raadslede? Wat bedoel jy daarmee? -- Dit is die mense wat vir die sisteem werk in die lokasies.

Hoe werk hulle vir die sisteem? -- Ek sal jou nie kan sê nie, want toe ek hier weg is, was daar nog nie raadslede gewees nie. Al wat ek kan sê is, dit is mense daar in die lokasies wat die gemeenskap nie wil hê nie of die ander mense nie wil hê nie.

Waar moes hulle die aanvalle loods op die polisie en raadslede? -- Ja, dit is so, maar veral die veiligheidspolisie want hulle het te doen met hierdie sake.

Maar my vraag is waar? Watter polisie? Is daar enige duidelikheid daaroor waar hulle moet aangeval word en dat daar 'n doel daarmee was? -- Die sekuriteitspolisie het te doen met politieke sake en tweedens, hulle is die mense wat meer weet as die ander polisiebeamptes van mense wat buite die land is, dit wil sê mense wat byvoorbeeld van hulle wonings weg is.

HOF : Ja, die vraag is eintlik, waar moes die aanvalle geskied? Moes dit in Johannesburg geskied of in Durban of in die lug of op die see of waar moes aangeval word? -- Die hele land.

MNR. JACOBS : Was daar enige spesifieke dele van woongebiede as ek Johannesburg nou vat as 'n voorbeeld wat uitgesonder was? -- Dit hang af en wissel van plek tot plek.

Die raadslede, was daar 'n doel gewees om hulle as sagte teikens uit te sonder? -- Volgens die ANC, al die mense wat teen die gevoel van die ander mense, die gemeenskap as geheel, is, word hulle beskou as sagte teikens. Die plaasboere waarvan ek gepraat het, word sagte teikens in die sin dat hulle behoort aan die kommando's van daardie omgewing en hulle is gewapen.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In die Swartwoongebiede, was daar enige doel van die ANC om daar iets te bereik in die woongebiede self? Was daar teikens uitgekies vir daardie doel? -- Ja, byvoorbeeld as daar mense elimineer word in 'n Swartwoonbuurt en die mense word daarvan bewus dat daar vuurwapens is en die mense word dapper en besef dat dit is die organisasie wat namens hulle hier kan baklei, word hulle met die gevolg fluks. In kort, ek sal sê dit "popularises".

Jy het nou daarop gemeld ook in hierdie opsig dat op 'n sekere plek wat jy genoem het Cross Roads tot vandag toe het die polisie nie daar ingegaan nie. Is daar in daardie lyn iets wat julle wou bereik het in woongebiede? -- Ja, dit is waar mense kan gaan bly. Daar is nie 'n polisieman wat daar inkom nie. Hulle kan uitgaan om hulle sendings te gaan doen in die dorp en terugkom na daardie Swartwoonbuurt en niks sal gebeur nie.

Watter mense praat jy nou van? -- Herhaal die vraag? Ek verstaan nie die vraag nie?

Jy sê mense kan maklik hulle werk daar gaan doen en inkom daarso en niks sal gebeur nie. Na watter mense verwys jy? -- Ek praat van die kaders van die ANC.

Jy het gepraat van dit populariseer die ANC. Kan jy onthou by hierdie gesprekvoerings wat julle op hoë vlak gehou het, was daar ook enige beslissings geneem en opdragte uitgegee oor popularisering van enige ander organisasies? -- Ja, dit is so.

Wat is daar bespreek en besluit? -- Ek sal eers met 'n eerste voorbeeld begin, wat dan 'n voorbeeld gaan wees van wat ek nou gaan sê na die voorbeeld. Daar was 'n misverstand gewees tussen die Youth Congress van Oos-Londen en SAAWU - dit is die East London Youth Confress en SAAWU. Daar was



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"delegates" wat daar gekom het van die East London Youth Congress met hulle probleme wat hulle beweer hulle daar het.

Laat ons net duidelikheid kry. As jy sê daar het "delegates" gekom daar. Ons weet nie waar dit is nie? -- Te Lesotho.

Waar in Lesotho? -- Apatamai is die plek waarheen hulle gekom.

Wie het hulle daar gekom gesien? -- Hulle het die ANC daar kom sien, alhoewel hulle een van SACTU se huise bewoon het. Daar is baie huise nie.

Ekskuus, gaan voort. -- Die delegate wat daar gekom het van die East London Youth Congress het daar kom kla dat hulle wil hê die IYY moet hulle bewerk ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wat is die IYY? -- Hulle wil dit bewerk by die "border regions" van die UDF. International Youth Year.

Jy sê hulle wou dit bewerk. Wou hulle die International Youth Year kampanje gevoer het by 'n sekere plek? -- What I mean is, they wanted to do it outside the auspices of the UDF.

Gaan aan? -- Op daardie stadium het die UDF alreeds 'n Youth Secretariate oopgemaak. Die besluit daar was geneem deur die "political head", die "political department" en ander hoofde van ander afdelings, waar hulle besluit het daar is nie so 'n ding nie, hulle moet dit bewerk daar met die UDF, want die UDF ... (Hof kom tussenbei)

HOF: Nie met die UDF nie, "under the auspices of the UDF"? Onder die vaandel van die UDF. -- Want die UDF is beroemd oorkant en plaaslik.

Wie het dit besluit? Het die ANC dit besluit of het
K26 iemand anders dit besluit? -- Dat hulle die IYY in hierdie land moet bewerk.

... / Wie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wie het dit besluit dat dit onder die UDF moet val en nie op hulle eie nie? -- Political department of the ANC het dit besluit. Mense het gevind dat daar in Oos-Londen baie "confusion" was, want die seuns het leiers van buite af geroep. Hulle was toe gesê "Kyk, as julle praat of sing, waar julle ook al is, in die treine of waar, julle moet praat van die mense wat plaaslik is en nie mense wat buite die land is nie.

Wat bedoel jy nou met mense wat plaaslik is en nie mense wat buitekant die land is nie? -- Dat hulle moet praat van die mense van die UDF en nie van die mense van die ANC wat buite die land is nie.

Nou hoekom moet hulle praat van die UDF se mense? Wat moet hulle praat? Wat is vir hulle gesê? -- Hulle was nie gesê nie, want dit word bespreek daar in die kampe. Ons word gesê dat UDF is die "Internal Mission".

"Internal Mission"? Wat bedoel jy daarmee? -- "Internal Mission of the ANC." In die kampe word dit bespreek deur enige persoon as ons daar sit in die kamp.

Is dit die algemene opvatting in die kampe dat die UDF die "internal mission" is? -- Ja, dit is so. 'n Mens kan enige ander persoon nou gaan kry wat van buitekant af kom en praat met die persoon en vra vir hom wat word gesê van die UDF buite die land. Die persoon sal vir jou dieselfde sê, wat militêre opleiding ontvang het by die ANC.

As sekuriteitshoof, as die mense daar vir hierdie "crash courses" kom, soos jy gesê het, of vir ander geleenthede, word daar goed saam met hulle uitgestuur? Dokumente of enige so iets? -- Ja, dit is so, die pamflette.

Wat se pamflette? Kan jy vir ons meer besonderhede gee wat se pamflette word uitgestuur? -- ANC se pamflette, bulletins, byvoorbeeld die Sechaba en boeke. Byvoorbeeld

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die klein boekie, bekend as "strategy and tactics", kassette waarop daar gesing word en dan die toesprake van Tambo.

Watter kassette is dit? -- Daar is 'n kasset met die nuwejaarsboodskap van Tambo wat baie gesirkuleer het terwyl daar nog gewag was vir ander kassette van bo af.

Sê nou vir my wat se kassette? Is dit 'n videokasset? Kan jy vir ons dit nader omskryf, wat is dit? -- Dit is 'n bandopname se kasset.

HOF : Wat julle 'n "tape" noem? -- Radio kasset. Die kasset waarvan ek praat is soortgelyk aan daardie een van die bandopnamemasjien.

MNR. JACOBS : So, sulke kassette word dan uitgebring. Jy het gepraat van die Sechaba's. Is daar nog ander bulletins waarvan jy vir ons die name kan noem? -- Bulletins?

Ja, wat is hulle name? -- Daar is ene van die "Bantu Stands", "The rejection of Bantu stands."

Ek wil nie die inhoud weet nie. Ek wil weet die naam van die bulletins?

HOF : Ja, dit is wat hy sê "The rejection of Bantu stands."

MNR. JACOBS : Is dit die naam van die ding? -- Hoekom ek dit noem is, die "Bantu Stand rejection" is omdat die inhoud daarvan praat van die "rejection of the homelands, Ciskaian independence en Vendaland".

Maar my vraag aan jou is die naam van daardie bulletin? Ek gaan jou nou weer terugvat. Die een bulletin se naam is Sechaba. Een soort. -- Ja.

Die naam van ander bulletins wat julle so laat inkom in die land in, kan jy vir ons sê? -- African Communist, die een het ek al genoem "Strategy and tactics, Boycott Ciskaian independence." Daardieeeen was getik gewees, sommer 'n gewone papier. Die wat sê "Reject Committee counsellors."

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is dit nou pamflette? -- Ja.

Mkhonto we Sizwe het hulle 'n boek wat hulle uitgee of 'n bulletin, soos jy dit noem? -- "Strategy en Tactics" is van Mkhonto.

En nog? -- Die ander kom nie binne-in hierdie land nie. Hulle word daar in die kampe gehou om bestudeer te word daar, tensy 'n persoon met sy notas afgekom het en met die notas in hierdie land ingekom het.

Hoe kry julle daardie goed in die land in? In die Republiek in?

<u>HOF</u>: As u praat van daardie goed, daar is twee soorte goed. Goed wat in die kampe bly en goed wat die land binnekom, kassette en bulletins en so meer. Wat is daardie goed?

<u>MNR. JACOBS</u> : Die goedere wat julle die land inbring, dit is die kassette wat jy genoem het, die bulletins? -- Jy maak 'n vals bodem in die voertuig, dit is die eerste een. Die ander een is jy sit hom in die "coolerbag method". 'n "Coolerbag" het twee kompartemente met 'n ritssluiter buite. Die "coolerbag" word oopgemaak, die naaldwerk word gebreek. In die middel het hy 'n vakuum. Aan die kant sit jy die boeke in - jy sit die boeke in die middel in waar die vakuum is. Dan moet jy weer die naaldwerk doen en dit toewerk. Dan gaan jy kos aan die kante insit om die ritssluiter weer te kan gebruik dat dit toe is. As 'n persoon dit optel, moet dit 'n gewig hê asof dit die kos is wat daar binne-in is wat die gewig veroorsaak.

<u>HOF</u> : Dit is baie interessant die tegniese ondersoek na al hierdie dinge, maar hoe help dit my?

<u>MNR. JACOBS</u> : Op latere dokumente sal dit ook blyk dat dokumente van die ANC word wel ingesmokkel op hierdie wyse. Ek was klaar gewees. Ek wou eintlik net gehad het dit word

... / ingesmokkel

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ingesmokkel word. -- Dit word gedoen deur die "camouflage" afdeling van die organisasie.

In die kampe het jy gesê is daar ander tydskrifte ook. Het julle 'n afdeling waar jy in bevel was van of onder jou intelligensie-afdeling omtrent ander tydskrifte of boeke wat uit die Republiek daar gelees word? -- Ja, baie van hulle.

Moet julle daaruit sekere dinge vasstel? -- Ja, dit is so.

Het julle enigiets te doen gehad met 'n stelling wat hulle noem "day to day issues"? Ja, dit is so. (10)

Vertel vir ons wat het julle gedoen as julle die tydskrifte kry, watter tydskrifte of koerante, wat julle uit die Republiek uit kry? Wat doen julle? -- Die nuusblaaie, die koerante van Suid-Afrika het ons gekry, die Citizen, Star, Rand Daily Mail toe hy nog daar was in sy tyd, die Sunday Times, Speak, UDF News het ons gekry en nog baie ander.

Wat word dan gedoen moet daardie dokumente? -- Daar is mense wat in die kantore werksaam is in die "intelligence" afdeling. Hulle doen monitêre werk oor die nuus in die koerante. Ek weet nie of u verwag dat ek nou in besonderhede moet (20) verduidelik wat gebeur nie, maar wat ek wel kan sê is, dit is nie die papiere wat na Lusaka toe gaan nie. Daar is sekere papiere wat getik word of wat aangeheg word om na Lusaka gestuur te word.

As julle dit nou gemonitor het, soek julle sekere spesifieke dele uit wat julle dan monitor? -- Ja, dit is so. Dit is hoekom ek juis gevra het of u wil hê ek moet nou sê wat word aangeheg om gestuur te word.

Wat is die kwessie van "day to day issues"? Hoe word dit bepaal en hoe word dit vasgestel en wat gebeur as (30) julle dit vasgestel het? -- Daar is 'n afdeling by die papiere

... / wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wat sê die papiere moet gestuur word, die Social Intelligen SI. Wat jy dan doen is, jy kyk na die koerant, watter koerant dit is, "police harassment", waar was dit gewees en wat is die datum van daardie voorval en die koerant self se datum, huishuur, mense wat in die "shacks" woon, "forced removals", om mense te forseer in die tuislande, "job reservation". Al daardie goed val onder die "day to day issues".

As julle dit nou bepaal het, wat doen julle dan? Word daar enigiets gedoen, opgetrek? -- Dit word na Lusaka toe gestuur, want al die "policies" word in Lusaka gedoen.

Kry julle iets terug daaromtrent? -- Die "directions" kom terug deur die "revolutionary council", wat dit dan deurbring na die "regional structure". Dit is hoe ons dit dan kry.

Wat is dit wat julle kry? --Miskien is die "directive" dat daar mense gevind moet word wat opgelei sal word en om hulle te help met die infiltrering van mense na daardie sekere plekke of spesifieke plekke toe.

Dit is nie eintlik wat ek bedoel nie. Kry julle enige dokument terug wat julle dan weer verder mee moet handel? -- Ja, dit is die "directives" wat ek van praat. Dit is op skrif gestel.

Kry julle enige pamflette? -- Ja, dit word gestuur, dan is hulle klaar geskryf, maar die "political department" handel daarmee.

Jy self was 'n veiligheidsman. Moes jy van hierdie pamflette deurstuur op die metode wat jy netnou beskryf het hoe julle die goed insmokkel in die land in? -- Die goed kom na ons toe nadat dit klaar gepak is by die "security", want elke ding moet gedoen word volgens die "structure." Die "political department" sal die dokumente vir die "camouflage"

... / gee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gee. "Camouflage" sal die goed pak en daardie persoon se bagasie sal na ons toe kom om na te gaan om vas te stel of die persoon gearresteer kan word.

Het jy van die pamflette gesien? -- Ja, die Sechaba is hulle naam. Ek het hulle gesien, want hulle word onder in hierdie drasakke ingesit.

Die Sechaba is 'n bulletin. 'n Pamflet en die Sechaba, is dit dieselfde ding? Ek wil net hoor hoe verstaan jy dit? -- 'n Pamflet is getik. 'n Bulletin is soos die Sechaba en die SA Communist is boeke.

Ek het vir jou gevra van pamflette, of dit anders is as die Sechaba? -- Die pamflette het ek al self ingebring in hierdie land in.

Wat se pamflette is dit? Waaroor handel dit, die pamflette wat jy ingebring het? -- Hulle is nie almal dieselfde nie. Een sal praat miskien van die boikot van skole en die ander een praat van die huishuur. Die ander een praat van 'n ander vak. Hulle is nie dieselfde nie.

Hierdie pamflette, kan jy nou net vir ons sê, is nou getik. Het hy die ANC se naam op of is dit 'n pamflet wat nie die ANC se naam op het nie? -- Nee, dit het nie die naam van die ANC nie. As hierdie goed byvoorbeeld by die man van COSAS uitkom, sal daardie man die goed skryf onder die naam van COSAS. Dan word daardie goed versprei en dit lyk of die COSAS dit gemaak het, want die ANC is verban hier.

Vir watter organisasies het julle pamflette ingestuur? Dit is organisasies binne-in die RSA? -- Daar is so baie van hulle, maar ek sal hulle noem.

Vir wie julle pamflette gestuur het op die manier wat jy nou beskryf het? -- ELCO, tydens die busboikot in Oos-Londen. Nog 'n ander persoon van VCA. Ek weet nie of ek sy

... / naam

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

naam moet noem nie. Die persoon het na ons toe gekom om raad te kom vra en vir ons gesê dat daar baie mense is wat gearresteer is, wat kan gedoen word. Ons het toe vir hom die pamflette en raad gegee.

Wie is die persoon? -- Stompie Mokheli. Nog een met die naam van Oldman. Sy ander naam is Wilberforce.

Wat het hy kom maak daar? Wat het julle vir hom gegee? -- Ons het aan hom dokumente gegee aangaande sy klagte omtrent die huurgelde wat gestyg het.

Vir watter gebied? -- Die Vaal se huurgelde.

Het julle hom nou van die pamflette gegee oor huurgelde wat gestyg het? -- Dit is so.

<u>HOF</u> : Kan ek net duidelikheid kry. Word daar 'n pak pamflette gegee waarop hulle dan net hulle naam sit, sê nou maar dit is COSAS? Sit hulle COSAS se naam bo of word net een pamflet gegee wat as voorbeeld moet dien en wat hulle dan moet reproduseer met hulle naam op? -- Ons gee hulle net een pamflet waarvan hulle nou 'n voorbeeld moet maak en dan hulle s'n maak van daardie voorbeeld, want dit is onveilig om so 'n bondel vir 'n persoon te gee. Dit is juis die rede hoekom die ANC masjiene koop vir die duplisering van dokumente hier in hierdie land met die masjiene wat gekoop word met die geld van die buiteland af.

Jy sê die ANC koop masjiene op in hierdie land en wat word dan van die masjiene? -- Dit is die masjiene wat gebruik word vir duplisering van die een dokument, die pamflet wat hulle gekry het, die voorbeeld en dan sal hulle verdere dokumente hier binne-in die land maak nadat hulle gesê was om so 'n dokument te maak en dan sal hulle daardie masjien gebruik.

Vir wie is so 'n masjien gegee? -- Byvoorbeeld daar is 'n persoon wie se naam ek bang is om te noem, want hy is terug

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in hierdie land op die oomblik wat daardie masjien gehad het. Die masjiene was in Queenstown gewees en daardie masjiene was op beslag gelê terwyl ek nog buite die land was.

Ons los dit maar daar. Kan jy sê is daar aan organisasies sulke masjiene gegee of is dit nou net aan daardie persoon? Jy hoef nie daarop uit te brei nie. Jy kan net ja of nee sê? -- Die Youth Congress van Queenstown het so 'n masjien gekry. Dit was voordat hulle 'n naam gekry het. Die begin van die hele ding in Queenstown voor die Youth Congress benoem was, het daardie masjien alreeds toe in werking gekom. Die masjien was ook gebruik vir die African Food and Canning Union, want die persoon wat daar gewerk het, is 'n persoon wat alreeds 'n "crash" opleiding te Lesotho ontvang het en daardie persoon het direk saam met die ANC gewerk. Sy van is Ngladiwane. Die naam is Sitera.

Jy het nou twee organisasies genoem wat voorbeelde van pamflette gekry het. Is daar nog ander? -- AZASO in Natal. Dit is die Universiteit van Natal. Hulle het toe pamflette daar gekry.

Nog?--UDF Cape. In Desember 1984 het die amptenare van die UDF Kaap in Lesotho gekom. Dit was tydens die bende van Letta Mboli. Dit is nie die bende nie, maar die "festival".
HOF : Gee ons net weer die antwoord. In Desember 1984 het amptenare van die UDF Kaap na Lesotho gekom? -- Omdat Letta Mboli 'n "festival" daar gehad het.

Wie en wat is Letta Mboli? Is dit 'n plek of 'n mens? -- Sy sing. Sy het op haar eie die land verlaat om in die buiteland te gaan sing.

Is sy 'n sangeres? -- Ja. Die mense was pamflette daar gegee om na hulle tuislande mee terug te keer. Van hulle het "crash" course" ondergaan.

... / MNR. JACOBS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Wie is hulle? -- Hulle was vier in getal. Baba Ncokutu was 'n universiteitstudent by die Universiteit van Kaapstad. Mvula Fezile Mthimkhulu). Hierdie een was 'n student by die Universiteit van Turfloop en 'n lid van AZASO. Zou Kota. Hy was die "publicity secretary" van die UDF in die Kaap, Wes-Kaap. En Miranda. Ek weet nie wat is haar van nie, maar sy is ook van die UDF.

Wat se pamflette is aan hulle gegee? -- Dit het gepraat van "forced removals". Dit is die tydstip wat hulle mense laat trek het van verskillende plekke. KTC. Cross Roads. Side Sea(?). Die mense was weggevat van hierdie plekke af na Kalisha.

Jy het gesê aan die VCA is pamflette gestuur. Wat se pamflette was dit? Wat was die bewoording as jy kan onthou? -- Ek het alreeds gesê dit het betrekking gehad omdie huur van huise daar en die "harassment" daar deur die polisie van mense.

Is daar nog organisasies wat pamflette gekry het? -- Daar is pamflette wat deurgestuur is met Vuyisile, alias Vicks. Hy moes dit geneem het na hierdie organisasie VYCO wat vir Vaal Youth Congress staan.

Wat se pamflet was dit? Die geaardheid daarvan of die inhoud daarvan? -- Dit was oor die IYY, huurgeld, skool boikotte.

IYY is natuurlik die International Youth Year. Is dit wat jy bedoel? -- Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 24 JANUARIE 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017